

Aksie/Ekstreem Sport: Johan Nieman se Wenke (n.a.v. Eric Palmer se praatjie)

Hierdie is aantekeninge wat ek tydens Eric Palmer se praatjie op 4 Augustus 2009 gemaak het, wat ek onthou het en snert wat ek uit my duim gesuig het. Dit is egter vir die leser self om te besluit wat is wie s'n en wat is die moeite werd.

1. Neem fotos van die persoon se voorkant

- 1.1. Dit sal goed wees as van die gesigsuitdrukkinge van die persoon wat die sport beoefen, ook vasgelê kan word.
- 1.2. Posisie: Staan in die pad van die aankomende fietsryer en wag tot jy die kleur van sy/haar oë kan sien voor jy die sluiterknoppe druk.
- 1.3. Waarneming: Jy maak jou oë oop en sien deur 'n waas jy lê in 'n ambulans en die fietsryer sit langs jou. Hy het 'n gebreekte hand en verder makeer hy niks nie.
- 1.4. Gewaarwording: Jy kom agter jy kan nie praat en so lekker sien nie; jy vind dat jou kakebeen af is en jou een oog is toe en verder is daar geen ander beserings nie.
- 1.5. Nabetrugting:
 - Wanneer jy die ambulans verlaat sien jy die fiets sonder enige skade hoegenaamd daaraan.
 - Jy vind jou kamerasak waar jy dit langs die fietspaadjie gelos het, maar jou kamera hang hoog in 'n Denneboom.
 - Eis die kamera by die versekering.
 - Opdateer jou lewensversekering polisse.
 - Probeer in die vervolg 'n ander posisie soos byvoorbeeld om op die fiets se "handle bars" te sit met jou gesig en kamera na die fietsryer toe.

2. Beligting moet goed wees

- 2.1. Gebruik 'n goeie eksterne flits of meer as een wat met jou kamera geïntegreer is om jou voorwerp en waar moontlik van die onmiddellike omgewing, te belig.

- 2.2. Wees op jou hoede om nie die fietsryer te verblind nie. Indien wel, sal subparagrafe 1.2 tot 1.4 ook hier van krag wees. Dit kan egter voorkom word deur hom/haar vooraf daarvan in te lig en goedkeuring te verkry.
- 2.3. Daardie flitse is egter baie duur. Gebruik jou kragopwekker wat jy nog nie gebruik het nadat jy dit tydens Eskom se beurtkragdae aangeskaf het nie.
- 2.4. Koppel al die liggies wat jy by die huis kan kry daaraan en hang dit in die bome op waar jy die fotos wil neem. Kersfeesboom liggies werk uitstekend.
- 2.5. Kry vooraf toestemming by die fietsryer om hom af te neem en vertel hom/haar van die beligting asook van die krismisliggies wat moontlik te laag hang en in sy/haar pad kan wees. Sien ook subparagraaf 2.2.
- 2.6. Die fotos wat jy dan neem kan jy ook vir die “Nagfotografie” kompetisie inskryf.

3. Kamera verstellings

- 3.1. Maak gebruik van sluiterspoed voorkeur om vinnige beweging te vries en agtergrond te verdof (swak diepte van veld). Probeer so ‘n vinnige sluiterspoed as moontlik te kry.
- 3.2. Kry ‘n vaste posisie en neem die eerste foto op outo fokus en stel dan die kamera op “manual” vir die daaropvolgende fotos. Dit help om die fotos “vinniger” te kan neem.
- 3.3. As jou kamera nie die verstellings het nie, gaan koop een wat dit het. Volgende nuusbrief sal wenke hoe om vinnig ‘n klomp geld in die hande te kry, verskaf.

4. Verkenning

- 4.1. Gaan vergewis jou van die omstandighede waar jy die fotos gaan neem voor jou fotosessies.
- 4.2. Koos van der Lende, een van ons top landskapfotografe, gaan met net ‘n waterbottel vol **water**, verkyker, GPS, notaboek en pen eers verkenning doen en maak aantekeninge van beste posisies, beligting by watter tye van die dag, hoeke, afstande, watter lens waar te gebruik, ens. Eers daarna begin hy fotos neem.
- 4.3. Dis nie nodig om kamoefleer toerusting tydens die verkenning aan te trek nie.

5. Agtergrond

- 5.1. Probeer 'n redelike afstand van die voorwerp af te wees om meer van die omgewing in die foto te kry. Dit voorkom ook situasies soos in paragraaf 1 genoem.
- 5.2. 'n Kamera in die horisontale/landskap posisie verskaf meer inligting in die foto.
- 5.3. Kry ook van die omgewing in die foto wat die kyker sal vertel van hoe lyk die pad vorentoe, waarlangs die roete strek, hoe lank of groot die hindernis of hulpmiddels is en in watter omstandighede die sport beoefen word.

6. Neem uit die hand uit

- 6.1. Die aksie en spoed waarmee die sport beoefen word, maak dit moeilik om van 'n driepoot of ander stut gebruik te maak.
- 6.2. Gebruik die hoogste sluiterspoed teen die laagste sensitiviteit (ISO) om 'n skerp foto van die sportpersoon te kan kry.
- 6.3. Vir 'n baie goeie aksiefoto, los jou driepoot (sonder die kamera op) in die middel van die fietsryers se pad. Hulle sal dit aansien as 'n hindernis en dink dan net aan die aksiefotos wat jy sal kan neem waar hulle bo-oor dit probeer spring, tussendeur die pote te probeer ry, om dit te probeer gaan of dit net poer in sy dinges in te ry. "Haai, kyk waar steek daai een poot in!"

7. Probeer verskeie hoeke

- 7.1. Aksies word baie beter weergegee waar die sportpersoon uit snaakse hoeke geneem word.
- 7.2. Laag op die grond met die kamera werk gewoonlik baie goed.
- 7.3. Lê op jou rug en neem 'n fietsryer af waar hy oor jou spring. Gaan koop daarna met die geld wat die versekering gaan uitbetaal, 'n stof- en waterdigte kamera.

8. Dink buite die doos

(Esmari – dis nie dieselfde een wat jy vir “Parstyd in die Boland” ingeskryf het nie!)

8.1. Kry van die aksiesportmanne om net vir jou te kom optree om fotos te kan neem.

8.2. Maak hulle area van optrede interessant :

- Laat hulle teen mure ry. Moet wit mure wees, want die bande se merke teen die muur is 'cool'.
- Hier is dit toelaatbaar om hom van agter af te neem waar hy vir die polisie wegjaag. Die polisiekar in die foto sal dit baie mooi afrond.
- Openbare plekke soos die Landdroskantoor, Polisiestasie en Hospitaal het baie lekker interessante plekke waar uitstekende fotos van aksiesport geneem kan word. As jy gelukkig en geduldig is kan jy een persoon afneem waar hy deur al hierdie plekke met een aksie gaan.
- Verskeidenheid van lense te gebruik.
- ‘n Paar aaneenlopende fotos te neem en dan later dit tot een foto met die rekenaar te verwerk
- “Panning” om beweging op die agtergrond of omgewing te kan vaslê. Gebruik ‘n stadige sluiterspoed, maar probeer die kamera so stewig as moontlik vas te hou en beweeg dan saam met die persoon. Druk die sluiterspoedknoppie in die beweging. Spot fokus en liglesing sal ook hier baie help.

9. Geniet dit; maak dit prettig

9.1. Geniet dit wat jy gaan doen.

9.2. As daar een wenk is wat uitstaan en wat dit baie pret kan maak, is dit om behoorlik te beplan en voor te berei.

9.3. Maak gebruik van jou vriende, mede fotografe en sportmanne om met die beplanning te kom help. ‘n Groep se resultate is gewoonlik beter as een mens s’n en hulle sal beslis met idees kom waaraan jy alleen nie sou gedink het nie.

9.4. Gaan kyk na van hierdie byeenkomste en beleef die junkies daar sonder om jou kamera saam te neem. Geniet hulle emosies, entoesiasme en kyk wat jy daaruit kan leer om jou met die fotos daarna te kan help.

Sterkte met dit wat nou voorlê en mag ons almal daai aand in 'n toestand wees om te kan opdaag, deel te neem en Goud te kry.